

**Verhoor van SA Menseregtekommissie
STIAS, 10 Mei 2021
Openingsverklaring deur prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier
van die Universiteit Stellenbosch,**

INLEIDING

Dankie, voorsitter. Goeiemôre, almal. Good morning. Molweni.

Kommissarisse, ek lei ons span as Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, en stel graag die res van ons afvaardiging aan u voor:

- prof Deresh Ramjugernath, Viserektor: Leer en Onderrig;
- dr Antoinette van der Merwe, Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking (en leier van die taakgroep wat die hersiening van ons Taalbeleid vanjaar hanteer);
- dr Choice Makhetha, Senior Direkteur: Studentesake;
- dr Leslie van Rooi, Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie; en
- mnr Desmond Thompson, Waarnemende Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie.

En dan ons regsman:

- mnr Gerhard Lipp;
- me Lorinda van Niekerk; en
- adv Jeremy Muller.

As 'n openbare instelling en nasionale bate, is die Universiteit Stellenbosch (US) verbind tot menseregte, soos dit in die Handves van Regte in die Suid-Afrikaanse Grondwet vervat is. Ons respekteer die Grondwet en die demokratiese toesigrol van ons grondwetlike instellings, onder meer dié waarvoor hoofstuk 9 voorsiening maak, soos die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK). Ons verwelkom dus hierdie geleentheid.

WAAROM IS ONS VANDAG HIER?

Ons is hier om mondelinge vrae te beantwoord oor klagtes wat die Kommissie ontvang het waarin beweer is dat studente by ons Universiteit verhinder word om in Afrikaans te kommunikeer.

Soos weerspieël in die kennisgewing wat aan ons verskaf is, het die klaers spesifiek aangevoer:

- dat studenteleiers en administrateurs in US-koshuise studente na bewering verbied het om in Afrikaans gesprek te voer;
- dat daar na bewering 'n verbod geplaas is op die gebruik van Afrikaans, wat selfs die gebruik van dié taal in privaat verband insluit, waaronder in koshuise en slaapkamers, op digitale platforms soos WhatsApp, en selfs op tuinbankies by koshuise;
- dat studente na bewering met dissiplinêre optrede gedreig is óf hulle aan 'n openbare geboelie sou blootstel indien hulle Afrikaans op kampus of in hulle koshuise gebruik;
- dat dit spesifiek verband hou met gebeure in drie van ons vrouekoshuise – Minerva, Irene en Huis Francie van Zijl – sowel as 'n privaatstudenteorganisasie, Capri, maar dat dit ook wyer kan strek; en
- dat verskeie studente hieroor by die Universiteitsbestuur gekla het, maar dat die saak nie hanteer is nie.

AANVANKLIKE US-REAKSIE

Kom ek sê uit die staanspoor die suggestie dat studente oor die hele kampus in enige stadium ingevolge Universiteitsbeleid verbied is om in Afrikaans te kommunikeer, is onwaar.

Daar is geen verbod op Afrikaans by die Universiteit Stellenbosch nie – nie in lesingsale, in koshuise of op enige ander plek op kampus nie. Dit is nié ons beleid nie.

Inteendeel, ons Taalbeleid bevorder meertaligheid en hou rekening met “die diversiteit van ons samelewing ... sowel as die intellektuele rykdom wat in daardie diversiteit opgesluit lê” (Taalbeleid 2016, par 1, “Inleiding”).

Ek verseker die Kommissie dat die Universiteit daartoe verbind is om uitvoering te gee aan artikel 29(2) van die Grondwet, wat oor die gebruik van taal handel, in ons akademiese, administratiewe én sosiale omgewings.

Daar is geen beleid dat slegs Engels in koshuise gebruik mag word nie. En studente behoort nie verbied te word om Afrikaans of enige ander taal te praat nie. Die Universiteit kan dit nie goedpraat nie, want dit sou strydig wees met ons visie, ons waardes sowel as ons Taalbeleid.

WAARVOOR DIE US STAAN

Voorsitter, voordat ek by die besonderhede van die ondersoek na die betrokke klagtes kom, laat my toe om kortliks te verduidelik waarvoor ons Universiteit staan.

Die Universiteit Stellenbosch word gelei deur ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*, wat ons Raad in ons eeufeesjaar, 2018, aanvaar het.

Daardie dokument verwoord ons visie, naamlik om “Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit” te wees “wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder”.

Dit sê ook ons streef daarna om ’n “geïntegreerde akademiese gemeenskap” te wees “wat kritiese denke vier, gesprek bevorder en tot demokrasie, menseregte en sosiale geregtigheid verbind is”.

Boonop is twee van die Universiteit se waardes besonder relevant vir vandag se gesprek: respek en billikheid. “Respek” beteken vir ons “beleefdheid in ons onderlinge en openbare diskoers, en behoorlike inagneming van almal se vryheid, gelykheid en waardigheid”, en onder “billikheid” verstaan ons “restitusie in reaksie op ons vorige nalatenskap, en regverdigheid in ons strewes”.

Dit is hoe ons onself beskou; dit is wie ons is – ’n wêreldklas- navorsingsintensiewe universiteit wat die ganse samelewing bedien, nie net ’n bepaalde gedeelte van die bevolking nie. En juis dáárom volg ons ’n meertalige benadering.

Stellenbosch is nie ’n Afrikaanse universiteit nie. Dit is nie ’n Engelse universiteit nie. En dit is nie ’n Xhosa-universiteit nie. Ons is ’n inklusiewe, meertalige universiteit, een van net ’n handvol hoëronderwysinstellings in ons meertalige land wat hierdie benadering volg.

Dit is nie maklik nie; trouens, dis ingewikkeld en duur. Nietemin het ons doelbewus hierdie roete gekies, want ons glo dit is die regte ding om te doen. Waarom?

US TAALBELEID

Die Universiteit Stellenbosch bevorder meertaligheid om drie redes, naamlik:

- om billike toegang uit te brei;
- om ’n inklusiewe kampuskultuur te skep; en
- om studentesukses te ondersteun.

Deur aan meertaligheid blootgestel te word en mekaar se kultuurerfenis te leer respekteer, word ons studente betrokke burgers in ’n diverse samelewing.

Natuurlik het Suid-Afrika 11 amptelike tale, en u sal onthou ek het begin deur te sê ons beskou onself as ’n nasionale bate. Ons studente en personelede weerspieël al hoe meer die diversiteit van ons samelewing – ons is trots op die vordering wat ons in hierdie verband maak, al is ons reis nie perfek nie en ook nog nie klaar nie. Ons bly vasberade om toegang verder te verbreed en inklusiwiteit te verhoog.

Alle tale fasiliteer weliswaar kommunikasie, maar ter wille van praktiese uitvoerbaarheid het ons besluit om te werk met die drie amptelike tale van die provinsie waar ons geleë is, die Wes-Kaap, naamlik Afrikaans, Engels en Xhosa.

Ons meertalige benadering kom in 'n aantal dimensies tot uiting.

Eerstens gebruik ons in die klaskamer hoofsaaklik Engels en Afrikaans as onderrigtale.

- Ons gebruik Engels, want ons wil die hele bevolking bedien, en nie net 'n sekere gedeelte nie. Ons word in 'n aansienlike mate uit belastingbetalersgeld gefinansier, wat beteken ons moet vir almal toeganklik wees.
- Ons gebruik Afrikaans om, so ver ons redelikerwys kan, in 'n bepaalde behoefte aan toegang in daardie taal te voorsien. Afrikaans het oor dekades 'n akademiese repertorium opgebou, waartoe die US beduidend bygedra het. Die toepassing en versterking van die akademiese potensiaal van Afrikaans dien as 'n instrument om 'n groot en diverse gemeenskap in Suid-Afrika te bemagtig.
- En wat van Xhosa? Ons dra deur spesifieke inisiatiewe tot die bevordering van Xhosa as 'n ontwikkelende akademiese taal by.

Tweedens kom ons meertalige benadering tot uiting in ons interne en eksterne kommunikasie. Vir dié doel gebruik ons Engels en Afrikaans, en in 'n sekere mate ook Xhosa. Ons laat lei ons deur die vereiste om inklusief te wees. Ons probeer altyd sorg dat “niemand deur die kommunikasietaal uitgesluit word nie” (Taalbeleid 2016, par 7.2.2).

Benewens onderrig en institusionele kommunikasie, is sosiale omgewings 'n derde plek waar ons meertalige benadering manifesteer. In dié verband bepaal ons Taalbeleid van 2016 (par 7.2.5) dat taal in koshuise en ander leefomgewings “op so 'n wyse gebruik [word] dat, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, geen belanghebbende uitgesluit word van deelname aan enige formele aktiwiteite in hierdie omgewings nie”.

US STUDENTEGEMEENSKAP

Ek wil u graag ter agtergrond 'n paar syfers ten opsigte van ons studentegemeenskap gee. Ons het altesaam ongeveer 32 000 studente:

- Sowat 'n derde is nagraads, en die oorblywende twee derdes voorgraads.
- Ongeveer 12% van ons studente – min of meer 4 000 – is internasionaal en kom van meer as 100 lande (op ons vasteland en deur die res van die wêreld).
- Sowat 8 000 van ons studente gaan in Universiteitshuisvesting tuis – koshuise, huise, en dies meer. Die res word by privaatstudenteorganisasies ingedeel, wat gesamentlik gegroepeer word in klusters, waarvan ons tans agt het. In totaal het ons 54 studentegemeenskappe.
- Ons verwelkom elke jaar 5 000–5 500 nuwelingeerstejaars.

Ons studente het wisselende akademiese taalvaardighede en kom uit uiteenlopende omstandighede en verskillende lande.

GEBEURE WAT TOT DIE KLAGTES AANLEIDING GEGEE HET

Kommissaris, dit is vir my belangrik om vir u 'n prentjie te probeer skets van hoe ons die studentelewe, en die lewe in studentekoshuise, benader.

Ons het 'n uitgebreide Verwelkomingsprogram – een van die beste in die hoëronderrigsektor – om nuwelinge aan ons instelling en alles wat dit bied bekend te stel, van akademiese programme, tot sport en verenigings, ko-kurrikulêre geleenthede, sosiale aktiwiteite, en nog baie meer.

Ons volg 'n opvoedkundige benadering en sorg dat ons op inklusiwiteit konsentreer en nuwelingetoeerus met belangrike vaardighede wat hulle nie net op universiteit nie, maar lewenslank sal nodig kry.

Deur 'n magdom goed gekoördineerde aktiwiteite help die Verwelkomingsprogram om studente touwys te maak en in hul nuwe, dikwels uitdagende omgewing by mekaar te laat inskakel.

En studente waardeer dit. Ons onderneem 'n jaarlikse opname oor die Verwelkomingsprogram. Die algemene terugvoer van studente word goed vasgevang in hierdie aanhaling van 'n nuwelingeerstejaar, wat gesê het: "Dis vir my opwindend om tussen soveel mense met verskillende persoonlikhede en tale en uit verskillende omstandighede en kulture te wees."

Vanweë die impak van COVID-19 op ons werksaamhede het nuwelingeerstejaars vanjaar natuurlik later as gewoonlik op kampus aangekom, en mekaar en hul studenteiers eers vroeg in Maart vir die eerste keer ontmoet. Ons is van die min universiteite wat studente fisies na ons kampusse laat kom het vanjaar; die meeste gaan nog net aanlyn voort. Dít het die verwelkomingstydperk selfs belangriker gemaak, veral ná verlede jaar se isolasie.

Nuwe studente is gewoonlik ietwat oorweldig deur die splinternuwe omgewing, en verstaan dalk nie altyd die inligting en reëlins wat bedoel is om hulle gedurende tuis te laat voel nie. Daarom gebruik studenteiers in koshuise gedurende dié tydperk meestal Engels in formele omgewings om te sorg dat almal toegang tot belangrike inligting het.

'n Poging om die uitdagings van 'n gemeenskaplike leefomgewing in geleentheid vir groei en 'n viering van diversiteit te omskep, is lofwaardig. Nietemin behoort dít nie vertolk te word asof enige taal buiten Engels onwelkom is of nie gebruik behoort te word nie. Ons Taalbeleid bevorder meertaligheid.

WAT HET DIE US GEDOEN IN REAKSIE OP DIE KLAGTES WAT IN MAART 2021 INGEDIEN IS?

Ek erken uit die staanspoor dat dinge kan en sal skeefloop van tyd tot tyd. In 'n komplekse omgewing soos 'n groot universiteit verloop alles nie altyd volgens plan nie. Indien studenteiers wél nuwelingestudente opdrag gegee het om slegs Engels in sosiale verband te gebruik, sou dit verkeerd wees. Dít is nie ons beleid nie; dis nie veronderstel om te gebeur nie. So, toe die bewerings aan die lig kom, het ons dit vinnig begin ondersoek. En ons het opgetree.

Ons het deur ons Afdeling Studentesake met studenteiers en studente in koshuise in gesprek getree om 'n gemeenskaplike begrip van die Taalbeleid en die implementering in die koshuisruimte te verseker.

En so ver ons bewus is, is die kwessies bevredigend opgelos.

Die proses het ooreenkomstig ons Taalbeleid geskied, wat duidelike riglyne bied en 'n uiters toeganklike, lae drempel daarstel. In paragraaf 8.4 raai die beleid studente aan "wat voel hulle word negatief geraak deur die implementering van die Taalbeleid" om sekere stappe te volg. Ek fokus hier op die stappe in die koshuisomgewing, omdat dít is waar die klagtes ontstaan het.

Paragraaf 8.4.3 van die Taalbeleid bepaal dat klagtes by die huiskomitee of die betrokke inwonende hoof aanhangig gemaak moet word, en daarna opgelos moet word. So ver ons weet, het dít wel gebeur.

Kommissarisse, iets wat dalk nie altyd so duidelik is vir diegene wat van buite af inkyk nie, maar wat my dikwels tref en beïndruk, is die integriteit, toewyding en erns waarmee nie net ons personeellede in koshuise nie, maar ook ons studenteiers en die studente wat self daar woon die uitdaging van 'n gedeelde leefomgewing benader. Hulle is jongmense, maar lê oor die algemeen uitsonderlike volwassenheid aan die dag in hoe hulle moeilike kwessies hanteer en uitstryk.

Natuurlik word dít ondersteun gemaak deur die raamwerk wat die Universiteit voorsien, en die benadering van ons Afdeling Studentesake en 'n substruktuur, die Sentrum vir

Studentegemeenskappe. Hulle gaan in en bespreek kwessies met studente. Dit is soms moeilike gesprekke maar dis gesond; dis belangrike opvoedkundige geleenthede.

Kommissarisse, ek hoef u nie te vertel nie – u weet daar is verskillende vorme van geregtigheid ... administratief, herstellend, ens. Ons Taalbeleid draai nie om straf nie, maar om die oplossing van kwessies tot bevrediging van alle direkte betrokkenes. En na ons beste wete is dít wat wel in die gevalle ter sprake gebeur het.

Buiten om die spesifieke klagtes te hanteer, het ons personeellede ook voortgegaan met algemener gesprekke met studente oor die implementering van ons Taalbeleid, en oor die waarde van meertaligheid en inklusiwiteit. Ons het studente ook bewus gemaak van die terugvoermeganismes tot hulle beskikking indien enigeen ontevrede voel oor hoe die Taalbeleid geïmplementeer word.

ONAFHANKLIKE ONDERSOEK

Nogtans het ons, as die bestuur, gevoel dat 'n onafhanklike ondersoek nodig is, en dus het ons die Universiteit se ouditeure, 'n eksterne firma, opdrag gegee om 'n ondersoek van stapel te stuur.

Volgens die aanvanklike tydryne sou ons teen dié tyd die verslag ontvang het, maar ons is in kennis gestel dat dit ongelukkig langer duur as wat verwag is. Dit blyk dat die ondersoekers probleme ondervind het om onderhoude met van die betrokke studente te reël, gedagtig daaraan dat ons eerste rondte assesserings – meestal in die vorm van toetse – begin het, en dit ook reses was.

So, hoewel dit nog nie klaar is nie, is die ondersoek 'n dringende saak. Die ondersoekers weet dit en het ons verseker dat hulle alles moontlik doen om dit so gou moontlik af te handel, dog hulle steeds deeglik van hulle taak te kwyd.

Ek sal nietemin graag, so ver ek kan en met die hulp van die span wat ek saamgebring het, die Kommissie se vrae beantwoord oor die bewerings wat hier ter sprake is.

Ons sal ongelukkig nie in hierdie stadium die besonderhede van enige klagtes kan bespreek nie omdat dit nog ondersoek word. Ons het dít op 30 April met respek aan die Kommissie uitgewys. Maar ek verstaan dat die Kommissie versoek het dat die verhoor vandag voortgaan, en ons eerbiedig dit.

Ek noem net ook dat daar nie genoeg tyd was om die materiaal wat ons eers oor die naweek van die Kommissie ontvang het, te bestudeer nie.

SLOT

Voorsitter, kommissarisse, ek sluit af deur te sê dat die Universiteit Stellenbosch 'n bate is vir die land en ál sy mense. Dít is weereens by ons onlangse gradeplegtighede bewys, waarmee ons die akademiese jaar 2020 amptelik afgesluit het.

Ondanks uiters uitdagende omstandighede verlede jaar het ons dit reggekry om meer as 9 000 grade, diplomas en sertifikate toe te ken – van die meeste in die land. Ons is trots op ons bydrae tot menslike ontwikkeling, en beskou ons meertaligheidsbeleid, wat na inklusiwiteit en akademiese uitnemendheid streef, as 'n hoeksteen van ons unieke waarde-aanbod as 'n toonaangewende hoëronderwysinstelling, wat ons onderskei van ander instellings.

Ons is vol vertroue dat die Universiteit Stellenbosch se studente meer keuses, groter toegang en 'n beter toekoms het as gevolg van ons benadering tot taal.

Voorsitter, ek het begin deur te sê dat ons die Grondwet respekteer. Volgens die aanhef van die Grondwet is dit aangeneem om “die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep”. Ons deel daardie doelwitte en streef dit op verskillende maniere na, waaronder deur ons Taalbeleid.

Dankie.